Kwaliteitsnuusbrief
JAARGANG 10 NO 1
JUNIE 2017

## Inhoudsopgawe

Die NWU het 'n nuwe struktuur – maar kwaliteit bly!

'n Nuwe fase vir NWU-Kwaliteitshandleidings!

Die Kwaliteitsverbeterings-projek, die NWU en die pad vorentoe

NWU bied suksesvolle SAAIR 2016 konferensie aan

Garmin-byeenkoms normeer kwaliteits-probleme

Inligtingsessie oor kwaliteit spreek behoeftes aan

Meerkatte die fokuspunt van vyfde Indaba

**Beste leser,**
Hierdie nuusbrief bied 'n vlugtige perspektief op die gehalteversekering van akademiese programme en ondersteunings-departemente by die NWU. Hiermee word gepoog om elkeen se verantwoordelikheid binne die konteks van akademiese en/of ondersteuningsdienste te beklemtoon. Stuur asseblief enige navrae en kommentaar aan Tommy Pietersen (tommy.pietersen@nwu.ac.za)

# Die NWU het 'n nuwe struktuur – **maar kwaliteit bly!**

Almal by die NWU bevind hulle tans in 'n mindere of meerdere mate in 'n moeilike oorgangsproses. Ou strukture, groeperings, rolle, en so meer moet plek maak vir nuwes...

MAAR – daar is een ding wat altyd konstant sal bly – kwaliteit!

Eerstens gaan dit oor 'n "kwaliteit"-gesindheid by elke personeellid.

Omdat die mens maar altyd soek na stabiliteit en herkenbaarheid, en terwyl verandering soms onsekerheid en spanning meebring, bly die uitdaging vir elkeen van ons om, in plaas van kritiese toeskouers en klaers, positiewe deelnemers te wees! Die uitdaging is dus om deel van die oplossing te word en nie deel van die probleem te bly nie.


Wat is die implikasies daarvan vir kwaliteitdienslewering? Dit stel ons in staat om steeds die volgende beginsels van kwaliteit te onthou en uit te voer:

- Wees deel van 'n kwaliteitsversekeringskultuur op alle terreine van jou werksomgewing.
- Bemagtig jouself met prosesse en meganismes vir die implementering van só 'n kultuur.
- Ondersteun en beoefen kwaliteitsevaluerings en -verbeteringsaksies.
- Neem deel aan aktiwiteite ter wille van kwaliteitsbevordering.

Ten spyte van veranderings en uitdagende tye kan ons almal saam met kwaliteitdienslewering die droom en doel van ons universiteit help bereik!

Joel Barker het gesê:
*Vision without action is merely a dream*
*Action without vision just passes the time*
*BUT*
*Vision with action can change the world.*

## 'n Nuwe fase vir **NWU-KWALITEITSHANDLEIDINGS!**




Vir enige navrae en ondersteuning/hulp, kontak Johanna Müller by 99 4875 en/of stuur 'n e-pos na 10254668@nwu.ac.za

# Die Kwaliteitsverbeteringsprojek, die NWU en die pad vorentoe

Die Raad op Hoër Onderwys (RHO) dryf die Kwaliteitsverbeteringsprojek (KVP), 'n nasionale projek wat daarop gemik is om studentesukses te verbeter. Hierdie projek kom in die plek van die institusionele oudits wat tydens die eerste ouditsiklus gedoen is.

Die KVP is ontwerp om samewerking in die hoëronderwyssektor te bevorder, en om mense aan te moedig om inligting en insigte met mekaar te deel oor dinge wat studentesukses help en belemmer. In sy dokumentasie oor die KVP identifiseer die RHO studentesukses soos volg: "Verbeterde studenteleer met die oog daarop om meer graduandi op te lewer wat oor eienskappe beskik wat persoonlik, professioneel en sosiaal waardevol is."

Die verwagte uitkomste van die KVP is:
- Norme en kodes van goeie praktyk vir voorgraadse voorsiening van hoë gehalte;
- Aanbevelings m.b.t. beleid;
- Hulpmiddels en hulpbronne vir die verbetering van studentesukses;
- Navorsing;
- Gemeenskappe van praktyk.

Die KVP strek oor vier jaar, van 2014 tot 2017. Die eerste fase van die KVP (2014 tot 2016) het vereis dat die NWU 'n institusionele indiening en verslag opstel m.b.t. die vier KVP-areas, naamlik:
- Verbetering van akademici as onderwysers;
- Verbetering van studenteondersteuning en -ontwikkeling;
- Verbetering van die leeromgewing;
- Verbetering van kursus- en programinskrywingsbestuur.

Die NWU was op 7 Februarie 2017 gasheer van die institusionele besoek m.b.t. KVP Fase Een, met 'n hoogs suksesvolle interaksie met die RHO-paneel. Dit het gelei tot die gevolgtrekking dat die Universiteit besig is met 'n omvattende strategie om onderrig en leer te transformeer, en oor die afgelope paar jaar uitstekende vordering gemaak het ten opsigte van die skaal van die ontwikkeling van 'n nuwe strategiese rigting en institusionele strukture – wat alles 'n beduidende impak op studente se sukses behoort te hê. KVP Fase Een sal afsluit met 'n institusionele verslag oor hierdie fase aan die Universiteit, wat areas van goeie praktyk sowel as areas vir verbetering sal uitlig.



*Prof Martin Oosthuizen*
*Adjunkvisekanselier: Onderrig en Leer*

Op sy vergadering op 9 Februarie 2017 het die Hoëronderwys-kwaliteitskomitee goedkeuring gegee vir die raamwerk vir KVP Fase Twee vir openbare universiteite, wat oor die tema van die kurrikulum sal handel. Die vergadering van die RHO AVK's Forum op 3 Maart 2017 het die 2017-tydlyn vir die indiening van die institusionele verslae oor KVP Fase Twee bepaal, wat die einde van 2017 sal wees.

KVP Fase Twee beoog om die tema van die kurrikulum te hanteer deur van instansies te verwag om 'n verslag op te stel wat aandag gee aan die volgende onderwerpe:
- Kurrikulumhernuwing en -transformasie;
- Diversiteit en inklusiwiteit: Hoe maak die formele kurrikulum voorsiening vir studente met uiteenlopende behoeftes, hoe bevorder dit inklusiwiteit van alle studente ongeag demografie, en hoe bekamp dit vooroordeel teenoor en vervreemding van sekere gedeeltes van die studentebevolking?
- Kurrikulumontwikkelingskapasiteit en -kwaliteit (kapasiteitontwikkeling in kurrikulumontwerp, -ontwikkeling en -implementering);
- Deelname aan kurrikulumontwerp en -ontwikkeling: Op watter wyse is studente en eksterne belanghebbendes betrokke by die voortgaande ontwikkeling en transformasie van die kurrikulum?

Die onderwerpe wat hanteer word in KVP Fase Twee sluit aan by die NWU se Onderrig- en Leerstrategie, met spesifieke verwysing na die bedoeling om voorsiening te maak vir studente met sinvolle leerervarings wat gekenmerk word deur innoverende onderrig-leer-ontwerpe, die strategiese doelwitte, die graduandi-eienskappe, die opvoedkundige benadering, die rigtinggewende beginsels en verskeie strategiese drywers, insluitende onderrig-leer-innovasie, die werwing, ontwikkeling en behoud van talentvolle akademiese personeel, toegang, behoud en sukses, en kurrikulumhernuwing en -transformasie.

Dit volg dat die NWU se Onderrig- en Leerstrategie die grondslag moet vorm vir die Universiteit se werk aan die KVP Fase 2-verslag, en dat hierdie werk 'n belangrike deel sal uitmaak van die breër projek vir die transformasie van onderrig en leer aan die NWU. Dit is ook so dat die KVP Fase 2-verslag 'n grondslag sal bied vir die ontwikkeling van 'n dieper, meer omvattende raamwerk vir kurrikulumhernuwing en -transformasie aan die NWU.

1 2 3 4 5

# NWU bied suksesvolle **SAAIR 2016 konferensie** aan

Vir die eerste keer in die Universiteit se geskiedenis was die NWU die gasheer vir die 23e jaarlikse Suider-Afrikaanse Vereniging vir Institusionele Navorsing (SAAIR)-konferensie wat van 17 tot 20 Oktober 2016 by die Institusionele Kantoor plaasgevind het.

Die Kwaliteitskantoor het, in samewerking met SAAIR se uitvoerende komitee, die beplanning, logistiek en aanbieding van hierdie besondere geleentheid behartig. Meer as 130 afgevaardigdes van regoor Suid-Afrika, Botswana en Namibië het die konferensie bygewoon.

Die tema het gehandel oor die #mustfall-veldtogte en die impak daarvan op die hoëronderwyslandskap. Sprekers het gesorg vir 'n verskeidenheid perspektiewe en navorsingsinligting op grond van hulle ervaring en institusionele navorsing oor die uitwerking van studenteprotesoptredes op die hoër onderwys.

Die hoofsprekers was:

- Prof Dan Kgwadi – NWU-visekanselier
- Prof Adam Habib – Wits-visekanselier
- Prof Linda Brown – Gasspreker uit Australië

Prof Brown het haar insigte gedeel oor die lewering van kwaliteit hoër onderwys en nagraadse indiensneembaarheid te midde van omslagtige regulatoriese, beleids- en befondsingsraamwerke. Sy is hoof uitvoerende beampte by Laureate Australië en Think Education en Rektor van die Torrens-Universiteit. Behalwe vir intense akademiese sessies en paneelbesprekings is konferensiegangers deurentyd met smaaklike etes bederf.

Die sosiale bedrywighede wat tydens hierdie konferensie aangebied is, was die volgende:

- 'n Insiggewende aanbieding oor die Vredefortkoepel deur prof Frans Waanders van die Fakulteit Ingenieurswese, met 'n kaas-en-wyn-skemerkelkie daarna;
- 'n Bustoer deur die dorp en universiteit met mnr Chris Windell en me Lennie Gouws as gasheer en -vrou;
- 'n Gala-aand waartydens NWU-kunstenaars soos die Marimba's en Puk Amici opgetree het.

Maande se harde werk is uiteindelik beloon met uiters positiewe terugvoer van oraloor. Soos dr Jannie Jacobsz, die direkteur van die Kwaliteitskantoor, tereg opgemerk het: "Hierdie konferensie het ons almal iets gegee om oor na te dink en 'n platform daargestel vir mense om hul ervaringe te deel."

**Die Kwaliteitskantoor wil graag alle NWU-rolspelers bedank wat gehelp met die SAAIR-konferensie.**



*Die span wat gehelp het om die SAAIR-konferensie 'n sukses te maak. Hulle is me Audrey Vanya, tydelike studente-assistent, me Carin Strydom van SAAIR, dr Jannie Jacobsz, Direkteur van die Kwaliteitskantoor en konferensievoorsitter, me Johanna Müller, Kwaliteitsbestuurder vir Ondersteuningsdienste, en mnr Tommy Pietersen, senior administratiewe beampte.*

# Garmin-byeenkoms normeer kwaliteitsprobleme

Die personeel in die Kwaliteitskantoor woon jaarliks die Garmin-byeenkoms by om oor kwaliteitverwante sake binne die universiteitkonteks te koukus.

Vanjaar se Garmin-byeenkoms is deur die Sentrale Universiteit van Tegnologie (SUT) in die Vrystaat in Golden Gate aangebied en het gehandel oor die normering van kwaliteitsake wat tans 'n uitdaging vir baie universiteite is. Benewens die NWU en SUT het verskeie ander universiteite soos die Vaal Universiteit van Tegnologie, Tshwane Universiteit van Tegnologie, die Universiteit van Venda, die Universiteit van Johannesburg, Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, Walter Sisulu Universiteit en die Universiteit van Limpopo die geleentheid bygewoon.

Die Kwaliteitskantoor van NWU het onder andere die volgende sake met hul eweknieë genormeer:

- Die byhou van databasisse en die bestuur van paneelaanbevelings soos vervat in evalueringsverslae (Antoinette Vermeulen);
- Kortkursusse (dr Jannie Jacobsz); en
- Studentebetrokkenheid, ondersteunende komitees/forums, strategiese vennote asook die desentralisasie van die kwaliteitsfunksie (Johanna Müller).

Die Garmin-byeenkoms bring jaarliks nuwe insigte oor kwaliteitsake na vore wat op alle eweknieë in die land van toepassing is. Die ervaring hierdie jaar was verrykend en stel die Kwaliteitskantoor in staat om die goeie bande wat reeds bestaan met ander universiteite, te versterk.



*Garmin-verteenwoordigers luister aandagtig na een van die vele aanbiedings tydens die jaarlikse Garmin-byeenkoms.*

# Inligtingsessie oor kwaliteit spreek behoeftes aan

Op 20 en 21 Junie 2016 het die Institusionele Kwaliteitskantoor 'n inligtingsessie oor verskeie kwaliteitsonderwerpe aangebied. Hierdie geleentheid is aangebied na aanleiding van die resultate van 'n behoefteontledingsvraelys wat uitgestuur is na personeel wat direk of indirek met kwaliteit te make het in hul werksplek.

Tydens die een en 'n half dag lange program het die verskillende sprekers oor 'n verskeidenheid onderwerpe gepraat:

- *"Bestuursinligtingsdienste by die NWU"* deur mnr Jan-Hendrik Viljoen, Waarnemende Bestuurder vir Bestuursinligting
- *"Werksladingbestuur en posstrukturering"* deur me Helen Lekalakala, Senior Mensehulpbronspesialis by Mense en Kultuur.
- *"Prestasiebestuur"* deur mnr Peet du Toit, Mensehulpbronspesialis by Mense en Kultuur.
- *"Risiko teenoor doelwitgedrewendheid"* deur me Madelein van der Merwe, Direkteur Interne Oudit
- *"Instrumente en data om kwaliteit te meet"*, deur dr Jannie Jacobsz, Direkteur van die Kwaliteitskantoor

Ander onderwerpe wat bespreek is, sluit in:

- *"Onderweg na effektiwiteit"*
- *"Beleide, riglyne, prosesse en prosedures: Hoe om dit te ontwikkel en te meet"*
- *"Kwaliteit: Kwaliteitontwerp teenoor kwaliteitinspeksie"*
- *"Opvolg: Hoe om risiko's te identifiseer, te rapporteer en te bestuur"*

Die personeel wat hierdie geleentheid bygewoon het, het die inligtingsessie as waardevol beskou: "Ons hoop dat daar in die toekoms praktiese opvolgwerkswinkels oor die betrokke onderwerpe aangebied sal word."

# **Meerkatte** die fokuspunt van vyfde Indaba

Wie sou nou kon dink dat meerkatte so uiters fassinerend en funksioneel kan wees? Hul oorlewingstrategieë in die natuur is tydens die vyfde Indaba indrukwekkend deur Estienne de Beer aan die gehoor oorgedra, met praktiese voorbeelde van hoe om dit in die werksplek toe te pas.

**Fokuspunte**

Die spreker, oftewel "Meerkat-man", het verduidelik hoe NWU-personeel "sukses in die werksplek volgens die meerkat-styl" kan behaal. Verskillende fokuspunte en gedragspatrone van hoe meerkatte leef en oorleef, is aan personeel verduidelik. Hierdie fokuspunte sluit in die uitvoering van take, persoonlike ontwikkeling, veerkragtigheid en moed, goeie spanwerk en inspirerende leierskap. Die besondere toepassing van bogenoemde dra by om die daaglikse uitdagings van die meerkat te oorkom en kan dus ook bydra om die uitdagings wat personeel in die werksomgewing ervaar, te vergemaklik.

**Verloop van sake**


Nadat NWU-personeel by die Indaba gearriveer, geregistreer en hul verversings geniet het, is hul deur Johanna Müller, kwaliteitsbestuurder vir ondersteuningsdepartemente, verwelkom. Prof Johannes Froneman, die strategiese kommunikasie-raadgewer in die kantoor van die visekanselier, was die openingspreker. Hy het die gehoor se belangstelling geprikkel deur te gesels oor keerpunte, positiewe houdings en leierskap binne die nuwe NWU-omgewing. Daarna het Johanna die hoofspreker aan die gehoor bekend gestel. Estienne het die gehoor behoorlik vermaak met sy uitstekende aanbieding en meerkatvergelykings. Personeel het daarna die geleentheid gehad om vrae te vra en belangrike kwessies te bespreek.

**Wie is die Meerkat-man?**

Estienne de Beer is 'n veelbekroonde spreker wat akademiese en korporatiewe gehore wêreldwyd met sy wildlewe-aanbieding bemagtig. Hy is 'n leierskapsontwikkelingspesialis met diepgaande ervaring oor baie maatskappye, lande en kulture heen. Estienne het al 'n toekenning vir spreker van die jaar ontvang en is ook die outeur van 'n boek getiteld: "Boosting your career – tips from top executives". Afgesien daarvan dat hy 'n professionele spreker is, is Estienne ook 'n gerehabiliteerde adrenalienverslaafde wat al verskeie pynlike soewenirs versamel het, insluitende kniechirurgie, titaanskroewe in die skouer, gekraakte ribbes, gebreekte vingers, 'n klompie steke, en sigverlies in een oog. Estienne het ook 'n tydjie in die wildernis deurgebring, en was in 2000 bestuurder van die jaar vir een van die top 3-maatskappye in Suid-Afrika.



*Voor is Tommy Pietersen, senior administratiewe beampte by die Kwaliteitskantoor, Estienne de Beer, motiveringspreker, en Johanna Müller, kwaliteitsbestuurder vir ondersteuningsdienste. Agter is dr Jannie Jacobsz, direkteur van die Kwaliteitskantoor, Audrey Vanya, tydelike studente-assistent, en Antoinette Vermeulen, kwaliteitsbestuurder vir akademiese programme.*



*Estienne de Beer, die spreker, oftewel "Meerkat-man".*